


Belangrike Inligting:


Datums Bl. 3-4
Eksamenrooster Bl.9


# VOLKSIENUUS

27 Februarie

# UIT DIE KANTOOR

- Volgende week begin ons die laaste maand van die eerste kwartaal! Dit is ’n opwindende tyd om alles wat ons al leer en beplan het, vol energie af te rond. Ons moedig al ons leerders aan om die momentum te hou, aktief deel te wees van hul spanne en projekte, en die res van die kwartaal met trots en fokus aan te pak.

- Ons Wintersport-program begin ook amptelik op Maandag, 3 Maart, en ons hoop alle leerders sal betyds by hul spanne aansluit en die seisoen vol spangees en energie begin.

- Op dieselfde dag, Maandag 3 Maart om 17:30, vind die Orienteeringsvergadering vir matriekleerders en hul ouers in die skoolsaal plaas. Ons nooi alle ouers hartlik uit om by te woon – dit is ’n goeie kans om die jaar saam te beplan en die matrieks te ondersteun.

- Die mini-eksamenrooster is ook in die nuusbrief aangeheg en die eksamens begin op 9 Maart. Ons moedig leerders aan om rustig en goed voorbereid die eksamens aan te pak.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 28 Februarie | 4 B-groep Gala<br>Gill Festival (Rugby, Hokkie en Netbal)<br>SA-Swemproewe |
| 4 Maart | Interdistrikte gala |
| 6 Maart | Hokkie OP-proewe<br>Netheid<br>Wêreldbiddag vir vroue |
| 7 Maart | Hokkie OP proewe<br>Kingswood (Rugby, Hokkie en Netbal - weg) |
| 10 Maart | Eksamen begin |
| 12 Maart | Finanskomitee |
| 13 Maart | Eerste span toer na Oos-Londen<br>Oudskoliere: Aanlyn jagpakkete |
| 14 Maart | Kirkwoodfees - netbal, hokkie (weg)<br>Muire - Rugby (tuis) |

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 15 Maart | Bergfietswedren |
| 18 Maart | LLR vergader<br>Me. Cecilia Pienaar verjaar |
| 19 Maart | SANJ Gala |
| 20 Maart | SANJ Gala<br>Netheid |
| 21 Maart | SANJ Gala<br>Level 1 Gala TBC<br>ODN Gim - Rugby, hokkie, netbal (weg)<br>Menseregtedag |
| 22 Maart | SANJ Gala |
| 23 Maart | SANJ Gala<br>Mnr. Ruan Stroelbel verjaar |
| 25 Maart | Eksamen eindig<br>Oscaraand |
| 27 Maart | UHS Festival - Hokkie<br>Skoolsluit |

# SPORT

**Raptors Klub – Suksesvolle Gradering!**

- Op Saterdag, 31 Januarie, het ons Raptors Klub 'n uitputtende, maar baie suksesvolle gradering gehou. Die energie was hoog en ons HVS-leerders het regtig gestraal met hul fokus en toewyding.
  Baie geluk aan die leerders wat hul nuwe belde verdien het:
  - Renaldo van der Westhuizen – Pers
  - Reaglin Maarman – Pers
  - Jean van Wyngaard – Blou
  - Leshandre Roman – Groen 1
  Hou so aan met julle harde werk en passie!

**Karoo Swemgala 2026 – Hoërskoolprestasie**

- Ons Hoër Volkskool-seuns en -dogters het weer hul beste kant gewys tydens die Karoo Swemgala 2026. Met ongelooflike gees en harde werk het hulle die kompetisie met trots aangegryp en pragtige resultate behaal.
  Seuns:
  Hoër Volkskool – 137 punte 🥇 wenners!
  Dogters:
  Hoër Volkskool – 196 punte 🥇 goue span!
  Elke swemslag, duik en aflos het bygedra tot hierdie blink prestasies. Ons is ongelooflik trots op al ons leerders!

**Krieket teen Gill Kollege**

- Op Donderdag, 19 Februarie, het ons eerste krieketspan teen Gill Kollege op Somerset-Oos te staan gekom. Volkskool het eerste geboul en van die begin af goeie druk toegepas, met Gill Kollege wat uiteindelik vir 52 lopies uitgeboul is.
  Die uitstaande bouler was Enriano Joubert met 'n uitstekende boulvertoning van 5 paaltjies. Met die kolf het Volkskool die teiken van 52 lopies rustig en selfversekerd gejaag en die wedstryd met 8 paaltjies gewen.
  Baie geluk aan die span met 'n netjiese oorwinning en 'n sterk spanpoging!

**Sarah Baartman Kampioenskappe**

- Volkskool se atlete het op Dinsdag, 17 Februarie, tydens die Sarah Baartman Kampioenskappe in Gqeberha puik presteer en hulself uitstekend gehandhaaf. Ons meisies en seuns het met groot toewyding meegeding en 'n reeks indrukwekkende uitslae behaal. Verskeie atlete het medaljes verower, met uitstaande prestasies in baan- en velditems, insluitend goue medaljes deur onder andere Angela Vorster, Hannes van der Merwe, Christiaan Swiegers, Jarrod Gerber en Vincent Pienaar.

  Altesaam het Volkskool 'n besonderse 24 medaljes ingepalm: 10 goud, 6 silwer en 8 brons. Hierdie prestasie getuig van harde werk, deursettingsvermoë en ware trots. Ons is ongelooflik trots op elke atleet wat Volkskool so mooi verteenwoordig het.





**Sarah Baartman-span**

- Baie geluk aan ons atlete wat in die Sarah Baartman-span opgeneem is ná hul uitstekende prestasies tydens die byeenkoms. 'n Besonderse woord van gelukwensing aan Aidan Thiart, Pieter Nel, Hannes van der Merwe, Daniso Matayi, Vincent Pienaar, Lee-Jon Blignaut, Angela Vorster en Jarrod Gerber met hierdie mooi prestasie.

  Om vir die span gekies te word, is 'n groot eer en 'n bewys van harde werk en deursettingsvermoë. Julle verteenwoordig Volkskool met trots, en ons wens julle alle sterkte toe vir die pad vorentoe.

**Tweekamp – Puik Prestasies**

- Sondag, 22 Februarie, het Sarah van Eeden tydens die OP Tweekampkampioenskappe haar swemtyd met 2 sekondes verbeter en 'n persoonlike beste behaal. Hierdie uitstekende prestasie het haar laat kwalifiseer vir die SA Kampioenskappe. Hannes van der Merwe het ook sterk gevaar met 'n 10de plek by 'n Interprovinsiale tweekampbyeenkoms – 'n besonderse prestasie op 'n mededingende vlak.

Hannes van der Merwe, Rudolph-Hein van Eeden en Sarah van Eeden het al drie gekwalifiseer om die OP-span by die SA Kampioenskappe op 21 Maart te verteenwoordig.

Baie geluk met hierdie besondere prestasies – ons is trots op julle harde werk en deursettingsvermoë!




**'n Skitterende seisoen in die swembad**

- Kate-Lynn Kruger het hierdie seisoen uitgeblink met besondere prestasies. By die Interskolegala is sy as Victrix Ludorum aangewys nadat sy aan ses items deelgeneem en vier rekords verbeter het. Sy het haar uitstekende vorm by die Karoogala voortgesit waar sy weer as Victrix Ludorum gekroon is – hierdie keer met ses rekords uit ses items. 'n Merkwaardige prestasie!

Baie geluk ook aan Charl Conradie wat tydens die Interskolegala as Victor Ludorum aangewys is. Hierdie prestasie getuig van harde werk, toewyding en ware sportgees.

Ons is ongelooflik trots op julle prestasies en die manier waarop julle Volkskool se naam hoog hou!

# KULTUUR


**Kultuur aand**

- Volkskool se Kultuuraand het ook die hoërskoolleerders se besondere talent en selfvertroue op die verhoog ten toon gestel.

  In die afdeling Monoloë en Tweespraak het Mia Prinsloo die eerste plek behaal, gevolg deur Jean van Wyngaard in die tweede plek en Zoe Campher in die derde plek. Hul vertolkings was sterk, selfversekerd en het die karakters lewendig laat word.

  In die afdeling Sang het Jaymee Barnard eerste plek verower, terwyl Luandré Rademan en Ilze Vorster 'n gesamentlike tweede plek ontvang het.
  Die hoërskoolleerders se passie, moed en toewyding het die aand besonders gemaak en getuig van die mooi kultuurgees by Volkskool.







**Hoër Volkskool**

*Ons sal handhaaf*

Skoolhoof: Me. H Malan
049 891 0514 | hoof@hvsgrt.org.za

Plasketstraat
Graaff-Reinet
6280

## Eksamenreeks – Maart 2026

1. Die mini-eksamen strek van Maandag, 9 Maart, tot Vrydag, 20 Maart.
2. Die eksamen word in twee sessies per dag afgehandel. **Leerders meld aan die begin van sy skryfsessie by skool aan en kan weer verdaag aan die einde van sy skryfsessie.**
3. Tye van sessies: **Sessie 1: 07:30 – 09:45 Sessie 2: 10:15 – 12:30**

<table>
<tr><th>Datum</th><th>Sessie</th><th>Graad 12</th><th>Graad 11</th><th>Graad 10</th><th>Graad 9</th><th>Graad 8</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Ma, 9</td><td>1</td><td></td><td></td><td>Afr</td><td></td><td>Digitale Teg</td></tr>
<tr><td>2</td><td>IGO</td><td>RTT</td><td></td><td>Eng</td><td></td></tr>
<tr><td rowspan="2">Di, 10</td><td>1</td><td></td><td></td><td>Rek/IGO/Toer</td><td></td><td>Wisk</td></tr>
<tr><td>2</td><td>BS/ LBW</td><td>LW / VBS</td><td></td><td>Wisk</td><td></td></tr>
<tr><td rowspan="2">Wo, 11</td><td>1</td><td></td><td></td><td>Eng</td><td></td><td>SW - Gesk</td></tr>
<tr><td>2</td><td>LW / VBS</td><td>BS / LBW</td><td></td><td>EBW</td><td></td></tr>
<tr><td rowspan="2">Do, 12</td><td>1</td><td rowspan="2">BLOK</td><td></td><td>BS</td><td></td><td>EBW</td></tr>
<tr><td>2</td><td>Eng</td><td></td><td>Teg</td><td></td></tr>
<tr><td rowspan="2">Vr, 13</td><td>1</td><td></td><td></td><td rowspan="2">BLOK</td><td></td><td>Afr</td></tr>
<tr><td>2</td><td>Eng</td><td>Afr</td><td>SW - Aard</td><td></td></tr>
<tr><td rowspan="2">Ma, 16</td><td>1</td><td></td><td rowspan="2">BLOK</td><td></td><td rowspan="2">BLOK</td><td rowspan="2">BLOK</td></tr>
<tr><td>2</td><td>FW</td><td>FW</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Di, 17</td><td>1</td><td></td><td></td><td>RTT</td><td></td><td>Teg</td></tr>
<tr><td>2</td><td>Wisk / WG</td><td>Toer</td><td></td><td>SW - Gesk</td><td></td></tr>
<tr><td rowspan="2">Wo, 18</td><td>1</td><td></td><td></td><td>LW / VBS</td><td></td><td>NW</td></tr>
<tr><td>2</td><td>Rek / Toer</td><td>Wisk / WG</td><td></td><td>Digitale Teg</td><td></td></tr>
<tr><td rowspan="2">Do, 19</td><td>1</td><td></td><td></td><td>WISK / WG</td><td></td><td>Eng</td></tr>
<tr><td>2</td><td>RTT</td><td>FW</td><td></td><td>Afr</td><td></td></tr>
<tr><td rowspan="2">Vr, 20</td><td>1</td><td></td><td></td><td>LBW</td><td></td><td>SW - Aard</td></tr>
<tr><td>2</td><td>Afr</td><td>Rek / IGO</td><td></td><td>NW</td><td></td></tr>
</table>

H. Malan (Skoolhoof)

Baie geluk aan die hoërskool se OOV wie se waterpunt tydens Thru the Karoo as die tweede beste waterpunt van die dag aangewys is. Dit is 'n besondere prestasie wat getuig van goeie beplanning, samewerking en skooltrots.

Ons wil ook graag elke ouer wat hul tyd afgestaan het, die leerders wat gehelp het, en die personeel wat vroegoggend die atlete met die bussies uitgebring het, hartlik bedank. Julle betrokkenheid en ondersteuning dra op 'n besonder mooi manier by tot die gees en trots van Volkskool.






# Volkskool Oudskoliere Graaff-Reinet
## GHOLF JAG 2026

**Datum:**
11 Junie: 17:30 by Rolbalklub, ete en inligtingsessie.
12 Junie: Jag en veldbraai.
13 Junie: Gholf. Ete en prysuitdeling by Gholfklub
14 Junie: Vertrek

**Spanlede:** Span van 4 lede
**Koste:** R8 000 per persoon

**Koste sluit in:**
3 x nagte verblyf in gastehuise in Graaff-Reinet
Smaaklike Karoo-etes
Oos-Kaap jaglisensie en dagfooie vir jagplase
2 x Springbokke (Ekstra bokke kan gereël word teen koste)
Gholf
Verwelkomingspakkie, hemp en hoed ingesluit

Kom geniet die béste van die Karoo ...
Speel gholf op Graaff-Reinet se pragtige baan,
geniet ñ besonderse jag soos net hierdie omgewing kan
bied en ervaar ware Karoo-gasvryheid!

Navrae | Danie van der Nest | 082 922 0248


VOLKSKOOL JAG- EN LEEFSTYL
AANLYN/ONLINE
pakkette
MEERKAT
ONLINE AUCTIONS
Datum: 13 Maart 2026
Tyd: 19h00
Plek: Graaff-Reinet
VLEISSENTRAAL
PORT ELIZABETH
VOLKSKOOL
AFSLAER André van Zyl 084 587 7660
Navrae: Nicholas van der Merwe 082 324 3733
VLEISSENTRAAL PORT ELIZABETH 041 001 0122
PORTELIZABETH@VLEISSENTRAAL.CO.ZA
Terme en voorwaardes geld

# gedagte vir die week

God wil nie hê jy moet soos iemand anders wees nie so kom ons hou op om te probeer om soos ander te wees en te lewe.
Probeer eerder om meer soos Jesus te leef.
Bly altyd jouself.
Wees net die beste weergawe van jouself.
Want God het jou onvoorwaardelik lief.
Wees die beste jy wat jy kan wees en moet nooit iets doen wat jou sal laat skaam wees voor:
God.
Jouself.
Jou familie.
Doen net altyd jou beste. Moenie soos hulle maak nie.

Onthou: jou Vader in die hemel weet presies wat jy nodig het.
Nog voordat jy bid, weet Hy al lankal wat in jou kop aangaan.
Matt. 6:8